SKOOLREËLS

HOËRSKOOL NELSPRUIT

1. Algemeen

1.1 In hierdie Skoolgemeenskap is ‘n gedragskode noodsaaklik om die opvoedkundige doelstellings van die skool te bereik.

1.2 Orde, dissipline en respek vir elke individu vorm die grondslag vir sukses en ‘n gelukkige skoolgemeenskap.

1.3 Christelike beginsels dien as grondslag vir die gedragskode. Volledige godsdiensvryheid word aan elke individu gebied en gewaarborg.

1.4 Hierdie gedragskode erken die volgende: Die Onderwyswette, die Wet op Basiese Menseregte en die Gedragskode vir Personeel.

2. Doelstellings

2.1 Om aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale verwerkliking van vermoëns en talente op alle opvoedkundige terreine waarop die skool hom mag begeef.

2.2 Om aan elke leerder die geleentheid te gee om hom/haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe en ‘n saakmakende rol te speel.

2.3 Om aan elke leerder sekuriteit en geborgenheid te bied in die skoolgemeenskap as ‘n unieke individu met sy/haar besondere eienskappe en behoeftes.

2.4 Om leerders die beginsel aan te leer van: “om vir mekaar om te gee en mekaar se belange op die hart te dra”, in ‘n gees van samewerking en ondersteuning.

2.5 Om aan elke leerder ‘n veilige omgewing daar te stel waar fisiese beserings sover menslik moontlik beperk word.

2.6 Om as skool en ouers in vennootskap die beste aan die kind te bied deur effektiewe kommunikasie.

3. Voogsetsel – Gedesentraliseerd

Om bogenoemde doelstellings te kan bereik is ‘n gedesentraliseerde voogstelsel noodsaaklik en bestaan uit die volgende fasette:

• Registerklasse

• Graadvoogde

• Hoof

• Buitemuurse aktiwiteite – Afrigters

• Buitemuurse aktiwiteite – Voogde

• Onderwysers en Ouers

4. Bemagtiging van personeel

Elke personeellid is bemagtig om ‘n leerder wat steurend, ontwrigtend en tydverkwistend optree, te hanteer op een van die volgende wyses soos wat hy/sy oordeel.

4.1 Aantekening van oortreding in strafboek.

4.2 Waarskuwing.

4.3 Leerder te straf in ooreenstemming met die debietstelsel.

4.4 Rapportering aan die betrokke voog of hoof vir hantering.

5. Skoolreëls en orde-reëls

KREDIET- en DEBIET STELSEL

Die NHS – dissiplinestelsel (wat bestaan uit krediete en debiete) word gebruik om ons leerlinge tot verantwoordelike besluitneming te lei en om selfdissipline by leerlinge in te skerp. Goeie selfdissipline en pligsbesef is voorvereistes vir die bevordering van die leerproses.

Die skool wil graag krediet gee aan leerlinge wat daardie ekstra tree gee en meer doen as wat van hulle verwag word.

Ons moet ook, wanneer ’n leerling nie sy kant bring nie, ouers in kennis stel om ’n herhaling daarvan te voorkom.

Die NHS – dissiplinestelsel sluit ’n stelsel van verslaghouding in en gee deur middel van punte wat aan ’n krediet of debiet toegeken word, vir die ouer, ’n aanduiding van hoe ernstig die prestasie of oortreding geag word.

Hierdie punt het geen invloed op ’n leerder se akademiese punte nie en kan nie bygetel of afgetrek word van punte wat behaal is in toetse of eksamens nie. Die debiet- of kredietpunte kan mekaar NIE uitkanselleer nie. Vir detensieklasse word slegs die debiete in berekening gebring.

Oogmerke en beginsels waarop die gedragskode berus.

Die leerders en hul ouers asook opvoeders van Hoërskool Nelspruit , verbind hulle tot die volgende beginsels waarop die kode berus:

• Gedissiplineerde gedrag is noodsaaklik vir die welstand van die skool , vir ’n klimaat wat bevordelik is vir die leerproses en ontwikkeling van leerders asook vir die suksesvolle bereiking van die skool se doelstellings.

• Opvoedkundige beginsels wat toelaat en as oogmerk het, dat die skool as ’n harmonieuse gemeenskap funksioneer.

• Die vestiging van ’n veilige leeromgewing wat die nodige sekuriteit teen enige vorm van ontwrigting bied.

• Die kode benadruk die basiese regte van opvoeders om ongehinderd onderrig te voorsien en om ’n ordentlike leeromgewing te handhaaf.

• Die kode het ook as oogmerk, die bevordering van ’n klimaat van wedersydse respek teenoor elkeen wat by die onderrigproses betrokke is, van selfdissipline en verantwoordelike optrede wat deurgaans van voortreflikheid getuig.

• Die kode verwerp enige optrede of versuim deur enige persoon, wat onregmatig inbreuk maak op die relevante basiese regte, soos verskans in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet nr 108 van 1996), wat veral binne skoolverband en op hierde kode van toepassing is.

• Dissiplinêre optrede sal deurgaans billik en konsekwent toegepas word. Dit sal primêr op remediërende en korrektiewe optrede en nie straf nie, gerig wees.

• Enige leerder wat weens ernstige wangedrag beskuldig word sal, tensy skuld vrywillig deur sodanig leerder erken word, onskuldig geag wees, totdat skuld deur middel van ’n billike verhoor, op ’n oorwig van waarskynlikhede bewys is

• Leerders mag nie by die skool, in geval van wangedrag, sonder toesig geïsoleer word nie.

• Verskonings vir en erkenning van wangedrag mag nie onder dwang, van enige aard, geskied nie.

• Massastraf word in beginsel, met die uitsondering van bewese samespanning tussen die betrokke leerders onderling, nie toegelaat nie.